



Tienertoneel



PROGRAM

POTCHEFSTROOM-STREEKSFEES

27 Augustus tot 1 September 2018 | Sanlam-ouditorium

PROGRAM

Die program begin elke dag om **17:00**.

Maandag 27 Augustus

| | | |
|-------------------------------------|-------|--|
| Hoërskool Frikkie Meyer | | <i>Lyk dit of ek met vlerke gebore is?</i> |
| Potchefstroom High School for Girls | | <i>Trop</i> |
| Hoërskool Rustenburg | | <i>Polonie</i> |
| Hoërskool Ferdinand Postma | | <i>'n Kwessie van verbeelding</i> |
| Hoërskool Standerton | | <i>Rooi</i> |

Dinsdag 28 Augustus

| | | |
|-------------------------------|-------|------------------------|
| Hoërskool Klerksdorp | | <i>Kom saam met my</i> |
| Hoërskool Schweizer Reneke | | <i>Eerste liefde</i> |
| Hoërskool Sasolburg | | <i>sel(f)terapie</i> |
| Hoër Volksskool Potchefstroom | | <i>Tien Plus</i> |
| Hoërskool Klerksdorp | | <i>Dit wat was</i> |

Woensdag 29 Augustus

| | | |
|----------------------------|-------|-----------------------------------|
| Potchefstroom Gimnasium | | <i>Dierepubliek</i> |
| Hoërskool Wesvalia | | <i>Pappa Mia!</i> |
| Hoërskool Schweizer Reneke | | <i>Mallewales</i> |
| Potchefstroom Gimnasium | | <i>Duskant Vlees(baai)</i> |
| Potchefstroom Gimnasium | | <i>Waar die son nooit kom nie</i> |

Donderdag 30 Augustus

| | | |
|-----------------------|-------|------------------------------|
| Hoërskool Wilgerivier | | <i>Die oudisie</i> |
| Hoërskool Vryburg | | <i>Snoeke van Vishoek</i> |
| Hoërskool Wilgerivier | | <i>Christmas Shopping</i> |
| Bergsig Akademie | | <i>Bagasie sonder toesig</i> |

Vrydag 31 Augustus

| | | |
|---------------------------|-------|--|
| Hoërskool Witteberg | | <i>Glimlag Doolhofkind</i> |
| Hoërskool Wesvalia | | <i>Liefde 2020</i> |
| Hoërskool Linden | | <i>https://ukuvuza.indawo.com</i> |
| Hoërskool Eldoraigue | | <i>WAT!?! - 'n Absurde drama</i> |
| Hoërskool Louis Trichardt | | <i>Ink</i> |

Saterdag 1 September

Streeksfeesfinaal: Die **top toneelstukke** van die streeksfees.

Afkortings vir ouderdomsbepelings:

10+ = Geen onder 10's

T = Taal

S = Seksuele suggestie

13+ = Geen onder 13's

G = Geweld

D = Diviniteit

OB = Ouerbegeleiding

16+ = Geen onder 16's

N = Naaktheid

V = Vooroordeel

BEOORDELAARS

Cintaine Schutte

Cintaine se liefde vir toneelspeel begin by die ATKV-Tienertoneelkompetisie. Sy was deel van Hoërskool Die Wilgers se toneelgroep en in 2004 wen die skool die kompetisie met *Die Sound of Boeremusiek*. In 2005, haar matriekjaar, word sy aangewys as die mees belowende speler tydens die finaal. In 2008 verwerf sy haar dramagraad aan die Universiteit van Stellenbosch en in 2009 haar honneursgraad in Toneelspel aan die Universiteit van Kaapstad.

Sy was te sien in verskeie teaterproduksies soos *Half leeg*, *Nagwond*, *Droom*, *Boetie dis tyd vir bid as 'n seekoei op jou skoot kom sit*, *Meerfout*, *Tjop en dop*, *Wie drink wat?*, *Moeder Moed en haar kinders*, *Die seemeeu*, *Cape of rebels*, *Amper*, *Vrystaat*, *Drif*, *Die huis van Bernarda Alba* en *Die fliiek*. Cintaine het ook as produksiebestuurder opgetree vir Saartjie Botha se teaterstuk, *Balbesit*, vir Jaco Bouwer se *In ongenade*, asook vir Christiaan Olwagen se *So ry Miss Daisy*.

Cintaine ontvang in 2017 die Kanna-toekenning vir beste vroulike byspeler vir haar rol in *Moeder Moed en haar kinders*, en in *Die seemeeu* by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees. Daarby word sy met 'n WoordTrofee bekroon vir haar spel as Sussie in *Drif* by die US Woordfees. Sy ontvang verder 'n Fleur du Cap-toekenning as beste byspeler vir haar rol as Masja in *Die seemeeu*.

Sy was te sien in kykNET se *Die Boland Moorde*, *Knysna*, *Sonskyn Beperk*, *Phil101*, *Die Kasteel* asook in *Fynskrif*.

Cintaine is gereeld betrokke by radiodramas vir RSG. Sy is ook deel van die POLONY-teatergroep – 'n klomp jong teatermakers wat nutgeskrewe werke planke toe vat, poog om jongmense teater toe te lok en die belangrikste – wat werk vir hulself probeer skep.



Wilhelm van der Walt



Wilhelm verwerf in 2007 sy honneursgraad in Drama en Teaterkuns aan die Universiteit van die Vrystaat. In 2009 voltooi hy sy meestersgraad in Toneelspel aan die Universiteit Stellenbosch en ontvang ná sy studies 'n Fleur du Cap-nominasie vir die mees belowende student vir sy spel in Yasmina Reza se *ART* onder leiding van Marthinus Basson.

In 2010 verhuis hy na Kaapstad en tree op in verskeie produksies soos die Maynardville Shakespeare opelugteatervertonings van *Antony and Cleopatra* en *The Comedy of Errors*. Wilhelm speel ook in die internasionale musiekblyspel, *High School Musical – Live on Stage!* waarmee daar vir vier maande in China en Taiwan getoer is. Ander musiekblyspele en operas sluit in *Cabaret*, *The Little Shop of Horrors*, *Oklahoma!*, *Lost in the Stars*, *Madame Butterfly* en *Tosca*. Wilhelm word in 2010 deel van die veelbekroonde Kaapse teatergeselskap, The Mechanicals.

In 2012 word hy benoem vir 'n kykNET Fiësta-toekenning in die kategorie beste opkomende kunstenaar en in 2014 vir 'n Fleur du Cap-toekenning as beste ondersteunende akteur vir sy spel in Tertius Kapp se opspraakwekkende tronkdrama, *Rooiland*, onder regie van Jaco Bouwer.

Wilhelm word in 2015 vir 'n WoordTrofee by die US Woordfees benoem asook vir 'n Fiësta-toekenning in 2016 as beste akteur vir sy spel in *Son.Maan.Sterre*, onder leiding van Christiaan Olwagen. Vir hierdie rol word hy dan ook as beste akteur aangewys by die Aardklop Kunstefees. Ander nominasies is die Huisgenoot Tempo-toekenning en die Royal Soapie Award vir sy spel as Ty in *7de Laan*. Wilhelm het vir drie jaar die rol van Ty vertolk.

Onlangse teaterhoogtepunte sluit in sy rol in *Dop* (Kanna- en Naledi-nominasie vir beste ondersteunende akteur), en in *Liewer* (Fiësta-nominasie as beste ondersteunende akteur). Nog teaterwerk sluit in *Pa, maak vir my 'n Vlieër*, *Pa, Pleisters vir die Dooies*, Nicola Hanekom se *Land van Skedels*, Chechov se *Die Kersieboord*, *Die Rebelle van Lafras Verwey*, *Poppekas*, *Die Vrou Vantevore*, *Droom* en *Sakrament* deur Willem Anker. Wilhelm is tans te sien in die toneelstuk, *Klippe wat val* deur Phillip Rademeyer.

Wilhelm doen ook televisiewerk vir kykNET soos *Ouma en Oupa sit op die stoep*, *Die Boland Moorde* en *Fynskrif*. Hy speel in die kortfilms *Nantes*, *Bloedson*, *Onder die tafel* en *Soos Gister* vir die Silwerskermfees, asook in die rolprente *Stuur groete aan Mannetjies Roux* en *Rooiland*.

Nico Scheepers

Nico is 'n veelbekroonde dramaturg en regisseur wat sedert 2014 sy merk op die Afrikaanse teaterfront maak. Sy grootwordjare op 'n plaas aan die voet van die Soutpansberge in Limpopo vind neerslag in al sy werk.

Sy stories is eg Afrikaans en deurspek met ons erfenis, maar deur die lens van 'n nuwe generasie.

Sy teaterloopbaan het by die ATKV-Tienertoneelkompetisie begin. Nie net het hy op skool as speler deelgeneem nie, maar sy eerste twee verhoogstukke vir Hoërskool Louis Trichardt, *Kolom* (2010) en *Loodballon* (2011), wen beide die Nasionale Finaal. Hy ontvang ook drie jaar agtereenvolgens die toekenning vir beste regisseur (2010-2012).

In 2016 ontvang sy produksie, *Rooivalk*, die kykNET Fiësta-toekenning vir beste teks, beste aanbieding en beste solo-vertoning. Hy wen drie jaar in 'n ry die beste nasionale debuut as regisseur by die Vrystaat Kunstefees vir *Amper*, *Vrystaat*; *Pleisters vir die dooies*; en *Nêrens, Noord-Kaap*. Tydens die Aardklop Nasionale Kunstefees van 2016 wen hy beste produksie vir *Amper*, *Vrystaat*. Sy teks vir *Rooivalk* ontvang ook die ATKV-Woordveertjie vir Dramateks.

In 2017 wen sy eerste kortfilm, *Die maan val bewusteloos*, die prys vir beste regie by die Silwerskermfees.



Prof. Marié-Heleen Coetzee

Marié-Heleen is professor en hoof van die Dramadepartement aan die Universiteit van Pretoria (UP). Sy is ook die voorsitster van die Kunstekluster wat die departemente van Drama, Musiek, Visuele Kunste en UP-Kunste insluit.

Sy is sedert 1994 betrokke by die onderrig en opleiding van studente in die hoër onderwys in drama, teater en opvoering. Voor sy by die Universiteit van Pretoria aangesluit het, het sy aan die Dramadepartement van die Universiteit van Zoeloeland gedoseer. Sy het aan verskeie universiteite in Suid-Afrika gestudeer asook by verskeie instellings in die Verenigde State van Amerika.

Marié-Heleen het referate oor haar navorsingsgebied by nasionale en internasionale konferensies gelewer en ook werkswinkels aangebied. Verder het sy vakkundige publikasies gelewer, studieleiding voorsien aan MA- en DPhil-kandidate, as beoordelaar vir verskeie organisasies opgetree, en ook die regie en choreografie van 'n aantal opvoerings op uiteenlopende platforms behartig. In haar skeppende werk verken sy verskeie opvoeringsmodaliteite. Haar belangstelling in kruiskulturele en kruisdissiplinêre bestuwing sowel as in gemeenskapsbetrokkenheid kom na vore wat getuig van haar pedagogiese navorsing in liggaams- en opvoeringspraksis.

Marié-Heleen is voorts betrokke by industriële teaterprojekte vir leierskaps- en bestuursopleiding. Sy het op die Standaardgenereringsliggaam vir die Uitvoerende Kunste en die artistieke advieskomitee van die International Organisation of the Sword and Pen (IOSP) gedien, is bekroon met die Paddy Crean-toekenning vir haar bydrae tot die ontwikkeling van die verhoogvegkuns, en het tussen 2015 en 2017 op die Nasionale Kunsteraad se teaterpaneel gedien.



Maandag 27 Augustus

Hoërskool Frikkie Meyer

bied aan

Lyk dit of ek met vlerke gebore is?

deur

Jak J. Brits

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Mari van Jaarsveld**

Rolverdeling

| | |
|---|---------------------|
| Willem Steyn; Kaptein Jurie van Jaarsveld JNR. | Xerto Labuschagne |
| Sanet Handy Sandy; Kimberley Holland | Lydia Potgieter |
| Karliën Toerien | Laurinda Bredenkamp |
| Verna Vermaak | Gerdi du Plessis |
| Ester Afrika | Kayla Prinsloo |
| Zara India | Chané Ras |

Tegnies

| | |
|---------------------------|-----------------------------------|
| Verhoogbestuurder | Suné Robbertse |
| Klankoperateur | Evan Steyn |
| Beligtingsoperateur | Franco |
| Tegniese hulpe | Wilmien Schutte en Rachel van Zyl |

Maandag 27 Augustus

Potchefstroom High School for Girls

bied aan

Trop

deur

Esther Rossouw

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Esther Rossouw**

[13+ T G]

Rolverdeling

| | |
|-------------------------|--------------------------|
| Griet | Leniese Kock |
| Hannie | Taylor-Leigh Siebritz |
| Goggie | Jana de Witt |
| Liza | Melissa Thomas |
| Petro | Megan Combrink |
| Mimi | Christelee van der Merwe |
| Chevandré | Mikayla Moos |
| Greta | Victoria Kruger |
| Antoinette Kruger | Riandi Henderson |

Tegnies

| | |
|---------------------------|---|
| Verhoogbestuurder | Tayler Geldenhuys |
| Klankoperateur | Rorisang Tsunke |
| Beligtingsoperateur | Tayla Maddocks |
| Verhoogspan | Tumi Sebeela, Khumo Baloyi, Samkelo Hlatshwayo, Boity Tong, Karabo Bole, Karla van Dyk, Entle Mazinyo en Dimpho Molefe |

Maandag 27 Augustus

Hoërskool Rustenburg

bied aan

Polonie

deur

Rachelle Bezuidenhout

Nuutgeskrewe Teks

Regisseurs: **Rachelle Bezuidenhout** en **Anri Velthuisen**

[13+]

Rolverdeling

| | |
|------------------------|-------------------|
| Matt Reyneke | Hano van der Walt |
| Johan Michaelson | Ludvig Lodewyckx |
| Stacey Cloete | Danel van der Wal |

Tegnies

| | |
|---------------------------|--|
| Verhoogbestuurders | Rachelle Bezuidenhout en Anri Velthuisen |
| Klankoperateur | Pierre Minnaar |
| Beligtingsoperateur | John William Lang |

Maandag 27 Augustus

Hoërskool Ferdinand Postma

bied aan

'n Kwessie van verbeelding

deur

Nico Luwes

Regisseur: **Hernus Swanepoel**

Rolverdeling

| | |
|------------------------|----------------------|
| Michelle | Chaenriette Hattingh |
| Mej. Poerstamper | Johné Aucamp |
| Clara | Veronique de Lange |
| Kleinkoos | Stephen Shaw |
| Nicolas | Jan-Hendrik Botha |
| Carmen | Morgan Jerling |
| Matrone | Sahara Sparkles |

Tegnies

| | |
|---------------------------|--------------------|
| Verhoogbestuurder | Hernus Swanepoel |
| Klankoperateur | Ayrton Schultz |
| Beligtingsoperateur | Rohan van der Walt |

Maandag 27 Augustus

Hoërskool Standerton

bied aan

Rooi

deur

Gaerin Hauptfleisch

Regisseurs: **Esmé de Beer** en **Zania Botha**

[**OB** G]

Rolverdeling

| | |
|---|-------------------|
| Verteller | Aninke Stroebel |
| Verteller 2; Ma | Marli van Biljon |
| Verteller 3; Bernadette de Haak; Boom | Melisha Buck |
| Verteller 4; Wolf | Luhandré Scholtz |
| Verteller 5 | Michelle de Beer |
| Rooi Kêpsie | Nina Pretorius |
| Ouma | Marcel Venter |
| Bad ou 1: Houtkapper | Erin Bouwer |
| Verteller 6; Bad ou 2 | Paul-Pieter Kotze |
| Karen Kuikenmoord | Danelle van Zyl |
| Panga | Dean du Preez |

Tegnies

| | |
|----------------------------|------------------------------------|
| Verhoogbestuurder | Lezandra Payne |
| Klankoperateur | Abraham Foley |
| Beligtingsoperateurs | Michael Minnaar en Adriaan van Zyl |

Dinsdag 28 Augustus

Hoërskool Klerksdorp

bied aan

Kom saam met my

deur

Inamari Schoonraad

Regisseur: **Petro Enslin**

Rolverdeling

Bertie Reghard Jooste
Janke Ané Venter

Tegnies

Verhoogbestuurder Chané Montgomery
Klankoperateur E. Delpont
Beligtingsoperateur Elaine Snyman

Dinsdag 28 Augustus

Hoërskool Schweizer-Reneke

bied aan

Eerste liefde

deur

IIne Fourie

Regisseurs: **Kassandri Visser** en **mev. J. Venter**

Rolverdeling

| | |
|----------------|--------------------|
| Magrieta | Unicka Bothma |
| Avu | Chenica Snyders |
| Elize | Petrilien Degenaar |
| Bea | Kayla Troskic |

Tegnies

| | |
|---------------------------|-------------------------------|
| Verhoogbestuurders | Paula Badenhost en Abby James |
| Klankoperateur | Tanja Human |
| Beligtingsoperateur | Kassandri Visser |

Dinsdag 28 Augustus

Hoërskool Sasolburg

bied aan

sel(f)terapie

deur

Marli Swanepoel

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Antoinette Nel**

Rolverdeling

| | |
|-----------------------|--------------------|
| Sonskyn | Amoré Steyn |
| Liefie | Michaela de Klerk |
| Mej. Google | Katrien Robertson |
| Vinnige Vingers | Louis van der Walt |
| Macho | Justin Streicher |
| Bling-Bling | Muller Dannhauser |
| Slimfoon | Hanno Swanepoel |
| S8-Plus | Theo Tsolo |
| Apple X | Jonette van Rooy |
| Malfoon | Margeaux Wassenaar |

Tegnies

| | |
|---------------------------|---|
| Verhoogbestuurder | Hanri Koekemoer |
| Klankoperateur | Alex Delpont |
| Beligtingsoperateur | Jacques Geldenhuys |
| Tegniese span | Maché le Roux, Maryke Claassen, Desré Stinton, Anel Koekemoer, Tyrone Kriek, Suenique Otto en Ermi Els |

Dinsdag 28 Augustus

Hoër Volksskool Potchefstroom

bied aan

Tien Plus

Molly Bass se *The Teen Age*

Vertaal deur Alma Thompson

Regisseur: **Warren Fuller**

[13+]

Rolverdeling

| | |
|----------------|----------------------|
| Frank | Coetzer Stoop |
| René | Annatjie du Plooy |
| Lena | Marijke Nel |
| Johan | Corné Nel |
| Terrence | Rico van der Schyff |
| Amanda | Teagan Westwood |
| Mariana | Andria Pretorius |
| Leon | Henro van der Schyff |

Tegnies

| | |
|---------------------------|--|
| Verhoogbestuurder | Luné van Rooyen |
| Klankoperateur | Geert Stoop |
| Beligtingsoperateur | Janu Fouché |
| Tegniese raadgewer | Rynhardt Pretorius |
| Verhooghulpe | C.J. van Niekerk, Le-Roy Lourens en Christo Weideman |

Dinsdag 28 Augustus

Hoërskool Klerksdorp

bied aan

Dit wat was

deur

Pierre-André Viviers

Regisseur: **Petro Enslin**

Rolverdeling

Nellie Chané Ouwencamp
Imke Kayla van der Bergh
Liana Janéy Janse van Rensburg
Koor Palesa Maretlwa, Carla Bisschoff, Karla Strydom
en Cherri van der Westhuizen

Tegnies

Verhoogbestuurder Lieneke Jonker
Klankoperateur Shamira Honiball
Beligtingsoperateur Chamonique Dumond

Woensdag 29 Augustus

Potchefstroom Gimnasium

bied aan

Dierepubliek

Gebaseer op die roman *Animal Farm* deur George Orwell (kopieregte 1945)
met toestemming deur Bill Hamilton
as die Literêre Eksekuteur van die boedel van Sonia Brownell Orwell
saamgestel deur Pierre-André Viviers

Regisseur: **Elbie Buys**

Rolverdeling

| | |
|--|-------------------|
| Madam Squeeler | Buhle Molefi |
| Nelson: Sqearribs; skaap; verteller | Eben Maré |
| Mina: Kraai; skaap; hoender; verteller | Lauren Williams |
| Spekkies | Janco Mouton |
| Kat; skaap; kraai; verteller; dominee | Francois Wiid |
| Perd bokser; bok | Andrew du Plessis |
| Hoender; verteller; boer Hendrik | Philip Human |
| Hoender; kraai; verteller | Gabby Mckenzie |
| Verteller; hoender; kraai | Dollah Kilimane |

Tegnies

| | |
|---------------------------|----------------------|
| Verhoogbestuurder | Janus Kruger |
| Klankoperateur | Adriaan Minnee |
| Beligtingsoperateur | Pierre-André Viviers |
| Projeksie-operateur | Elbie Buys |

Woensdag 29 Augustus

Hoërskool Wesvalia

bied aan

Pappa Mia!

deur

IIne Fourie

Regisseur: **Johan Janse van Rensburg**

[13+ T]

Rolverdeling

Louise Marais Mieke Viviers
Herman Marais Merwe van Gent

Woensdag 29 Augustus

Hoërskool Schweizer-Reneke

bied aan

Mallewales

deur

Pierre-André Viviers

Regisseurs: **Kassandri Visser** en **mnr. P. Bornman**

Rolverdeling

Malie Dries Meiring
Soekie Renier Meyer

Tegnies

Beligtingsoperateur Kassandri Visser

Woensdag 29 Augustus

Potchefstroom Gimnasium

bied aan

Duskant Vlees(baai)

deur

Pierre-André Viviers

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Pierre-André Viviers**

[16+]

Rolverdeling

| | |
|--------------|-----------------|
| Zack | Ivan Reckling |
| Celest | Christi Olivier |
| Olivia | Zandelle Meyer |

Tegnies

| | |
|---------------------------|----------------------|
| Verhoogbestuurder | Chenique Beneke |
| Klankoperateur | Veronica Ramokgoname |
| Beligtingsoperateur | Pierre-André Viviers |
| Projeksie-operateur | Delwin van Jaarsveld |

Woensdag 29 Augustus

Potchefstroom Gimnasium

bied aan

Waar die son nooit kom nie

deur

Marcel Spaumer

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Linda van der Walt**

[16+]

Rolverdeling

| | |
|------------------------|----------------|
| Meleen | Hallé Schwartz |
| Hazel | Lerato Loate |
| Meisie; Meisie 5 | Monica Cronje |
| Meisie 2 en 3 | Shané Snyman |
| Meisie 1 en 4 | Aimee Jantjies |

Tegnies

| | |
|---------------------------|--------------------|
| Verhoogbestuurder | Eben Maré |
| Klankoperateur | Linda van der Walt |
| Beligtingsoperateur | Chelsea le Roux |

Donderdag 30 Augustus

Hoërskool Wilgerivier

bied aan

Die oudisie

deur

Nico Luwes

Regisseurs: **Tanya Schultz** en **Leandri van den Berg**

[**OB T**]

Rolverdeling

| | |
|----------------|----------------------|
| Igor | Lombaard Paul |
| Nina | Lidewij den Braanken |
| Victoria | Clarise Taljaard |

Tegnies

| | |
|---------------------------|-------------------------|
| Verhoogbestuurder | Cornél Smit |
| Klankoperateur | Gertie van Loggerenberg |
| Beligtingsoperateur | Diana Mouton |

Donderdag 30 Augustus

Hoërskool Vryburg

bied aan

Snoeke van Vishoek

deur

Liana de Vries

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Liana de Vries**

PRODUKSIE DEUR SLEGS LEERDERS

Mentor: **Melani van der Merwe**

Rolverdeling

| | |
|---------------------|------------------|
| Mev. Dominee | Liana de Vries |
| Mev. Pieterse | Helen Faber |
| Donsie | Chanté Smith |
| Aunt Soufie | Andrew Fortuin |
| Martiens | Handru Bester |
| Doortjie | Ashleigh Fortuin |
| Liena | Monica Matthews |

Tegnies

| | |
|-------------------------------------|----------------------|
| Verhoogbestuurder | Marna Meyer |
| Klank- en beligtingsoperateur | Herman van der Merwe |

PRODUKSIE DEUR SLEGS LEERDERS

Produksies waarvan die hele geselskap [die regisseur(s), skrywer(s), spelers en tegniese personeel] almal hoërskoolleerders is, neem deel in hierdie spesiale nuwe afdeling. Die ATKV wil 'n skeppende gees onder die leerders aanmoedig en beloon. Die beste produksie deur slegs leerders sal aangewys word tydens die ATKV-Tienertoneelfinaal. 'n Volwassene kan steeds as mentor optree deur basiese leiding en spelleiding binne perke te verskaf.

Donderdag 30 Augustus

Hoërskool Wilgerivier

bied aan

Christmas Shopping

na aanleiding van Next *Customer Please* deur Ilne Fourie
verwerk deur David Brink

Regisseurs: **Tanya Schultz, Koos Muller**
en **Leandri van den Berg**

[OB T]

Rolverdeling

Mella Mostert Martinette Muller

Tegnies

Verhoogbestuurder Wimé Rautenbach
Klankoperateur Paula Kruger
Beligtingsoperateur Johnny Muller

Donderdag 30 Augustus

Bergsig Akademie

bied aan

Bagasie sonder toesig

deur

Franco du Toit

Verwerk deur Linda Roets

Nuutgeskrewe Teks

Regisseurs: **Vasthi Olckers** en **Linda Roets**

Rolverdeling

| | |
|----------------------------|---------------------|
| Aankondiger | Cae-Lynn Barkhuizen |
| Man | Tiaan Jacobs |
| Vrou | Keana Swanepoel |
| Sekuriteitsbeampte 1 | Immeul Brussels |
| Sekuriteitsbeampte 2 | Christopher Sparks |

Tegnies

| | |
|-------------------------------------|-----------|
| Klank- en beligtingsoperateur | M. Breedt |
|-------------------------------------|-----------|

Vrydag 31 Augustus

Hoërskool Witteberg

bied aan

Glimlag Doolhofkind

deur

Marissa Joubert

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Aldiné van der Merwe**

Rolverdeling

Reverie Dorijke du Toit
T.J. Hanru Barnard
Prestasie Chris Briel
Spreekkoor Anroné van Tonder, Chené Stear, Zanné de Wet, Inge Willemse,
Janet Strydom, Nicola Di Mezza, Rachelle Eigenhuis en Jhuan Bouwer

Tegnies

Verhoogbestuurder Shannon Freeman
Klankoperateur Tooi Cilliers
Beligtingsoperateur Givestro Argentino

Vrydag 31 Augustus

Hoërskool Wesvalia

bied aan

Liefde 2020

deur

Iine Fourie

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Johan Janse van Rensburg**

[13+ T]

Rolverdeling

| | |
|---------------------|-------------------|
| Hermien | Shané Scholtz |
| Soekie | Chané Olivier |
| Willem | Julia de Abreu |
| Annetjie | Kaylee Liversage |
| Magdalena | Annemie Wienand |
| Chris; Xavier | David van Niekerk |
| Frikkie | Vusi Majwabe |

Vrydag 31 Augustus

Hoërskool Linden

bied aan

<https://ukuvuza.indawo.com>

deur

Nico van Niekerk

Nuutgeskrewe Teks

Regisseurs: **Nico van Niekerk** en **Da Nielle Jordaan**

[10+]

Rolverdeling

| | |
|--------------------|--------------------|
| Konstant | Marig Engelbrecht |
| Umholi | Menine de Villiers |
| Rosa | Anya Erasmus |
| Blogger Babe | Chloe Orton |
| Whizz Kid | Jacques Coetzee |
| Vreemdelling | Dayna Vos |

Tegnies

| | |
|----------------------------|-----------------------------------|
| Verhoogbestuurder | Chloe van Deventer |
| Klankoperateurs | Ethan Lowery en Nico van Niekerk |
| Beligtingsoperateurs | Ethan Lowery en Da Nielle Jordaan |

Vrydag 31 Augustus

Hoërskool Eldoraïne

bied aan

WAT!?! - 'n Absurde drama

deur

Joshua Lotz

Nuutgeskrewe Teks

Regie deur die **Toneelgroep**

PRODUKSIE DEUR SLEGS LEERDERS

Mentors: **Quintin Wils** en **Vinkie Schaap**

Rolverdeling

| | |
|--------------|----------------|
| Kelner | Megan Muller |
| Kelner | Joshua Lotz |
| Vrou | Sumari Viljoen |
| Man | Shane Klopper |
| Dame | Andrea Walker |
| Dame | Anje Franken |

Tegnies

| | |
|-------------------------------------|--------------|
| Verhoogbestuurder | Wean Bekker |
| Klank- en beligtingsoperateur | Stefan Naudé |

PRODUKSIE DEUR SLEGS LEERDERS

Produksies waarvan die hele geselskap [die regisseur(s), skrywer(s), spelers en tegniese personeel] almal hoërskoolleerders is, neem deel in hierdie spesiale nuwe afdeling. Die ATKV wil 'n skeppende gees onder die leerders aanmoedig en beloon. Die beste produksie deur slegs leerders sal aangewys word tydens die ATKV-Tienertoneelfinaal. 'n Volwassene kan steeds as mentor optree deur basiese leiding en spelleiding binne perke te verskaf.

Vrydag 31 Augustus

Hoërskool Louis Trichardt

bied aan

Ink

deur

Marcel van Niekerk

Nuutgeskrewe Teks

Regisseur: **Marcel van Niekerk**

Rolverdeling

| | |
|-----------------|---------------|
| Carla | Danika Malan |
| Rudy | Xander Venter |
| Hannie | Wilné Kotzé |
| Shimigami | Ziamay Malan |

Tegnies

| | |
|---------------------------|--------------------|
| Verhoogbestuurder | Wilné Kotzé |
| Klankoperateur | Marcel van Niekerk |
| Beligtingsoperateur | Tshepo Mtsweni |

AWEH. JY IS LIEF VIR AFRIKAANS ...

**SLUIT AAN.
WORD DEEL.
WEES 'N HELD.**

ONS IS AFRIKAANS — ONS IS DIE ATKV



#HELDHAFTIG

WORD VANDAG 'N LID VAN DIE ATKV DEUR "ATKV" NA 44733* TE SMS.

***STANDAARDTARIEWE GELD.**



ATKV

KOOP

REKWISIETESAK

Dit is geen geheim dat ATKV-Tienertoneel vir dekades al spesiale herinneringe koester nie. Die ATKV het ná 'n reuse-aanvraag deur Tienertoneel-deelnemers en alumni besluit om 'n unieke ATKV-Tienertoneelprodukreeks te ontwikkel. Hierdie veeldoelige rekwisietesak is die eerste van sy soort.

Die fyn afgewerkte katoensak kan maklik oor die skouer gegooi word en het plek vir al daardie los items of rekwisiete wat jy moet saamkarring tydens 'n teatertoer of skooldag. Dit is ruim genoeg dat selfs jou skootrekenaar daarin kan pas en 'n ritsluiser maak dit veilig.

'n Beperkte aantal sakke kan **tydens streeksfeeste** teen net **R100 per sak** gekoop word.



DIE JOZI-FINAAL

1 TOT 6 OKTOBER

Finaliste kan uitsien na 'n hartklopfinaal wat asemes gaan wegslaan.

Die ATKV-Tienertoneelfinaal kom Johannesburg toe en word in die Roodepoort-teater aangebied.

Die hele aanbieding word so beplan dat teatergesprekke en 'n unieke prysuitdeling ingesluit word.

Kaartjies sal teen September beskikbaar wees by www.webticket.co.za

Maak solank 'n aantekening in jou dagboek!

DOEL VAN DIE PROJEC

Om 'n liefde vir Afrikaanse toneelspel en -kyk by hoërskoolleerders te kweek sodat leerders hulle eie kreatiwiteit en talente daardeur kan ontgin en ontwikkel.

UITLEWING

Met ATKV-Tienertoneel word elke regisseur aangemoedig om die leerders soveel geleenthede as moontlik te gee om by al die aspekte van die projek betrokke te raak, met ander woorde by die toneelspel, skryf van tekste, regie, kostuums, dekor, grimering, klank, beligting, verhoogbestuur, choreografie, ensovoorts.

#Tienertoneel

 @ATKVSA

 @ATKVSA

 atkv_sa

 www.atkv.org.co.za